

GEMEENSKAP

# MYNuusblad

February 2026

Orion Minerals



## 'n Groot mylpaal vir ons Prieska Copper Zinc Mine

**Ons is opgewonde om te deel dat Orion U$250-miljoen se befondsing van Glencore verkry het om die ontwikkeling van ons Prieska Copper Zinc Mine te ondersteun. Dit is 'n groot stap vorentoe vir die projek en 'n positiewe teken vir toekomstige groei en ekonomiese aktiwiteit in die area. Glencore is een van die grootste mynboumaatskappye ter wêreld.**

Ons sal die befondsing in twee fases ontvang:

- US$40-miljoen om die eerste seksie van die myn (ons noem dit die Uppers) te bou en te begin myn
- US$210 miljoen vir werk aan die dieper ondergrondse seksie (die Deeps)

Hoewel die befondsing goedgekeur is, sal dit eers uitbetaal wanneer al die finale voorwaardes nagekom is. Aktiwiteite op die terrein word verwag om in die tweede kwartaal van 2026 te begin. Eerste produksie uit die Uppers-gedeelte word in die eerste kwartaal van 2027 verwag.

## Goeie nuus vir Orion se eksplorasie in die Noord-Kaap saam met BHP Xplor

**Orion se eksplorasie projekte in die Noord-Kaap is gekies om deel te wees van BHP se 2026 Xplor-program. BHP is een van die wêreld se grootste mynboumaatskappye. Hierdie wêreldwye inisiatief help maatskappye om goeie idees te ontwikkel wat kan lei tot uitvoerbare projekte om minerale te voorsien vir 'n skoner, meer energie-doeltreffende toekoms.**

Slegs 11 maatskappye is vir hierdie nege-maande program gekies – en ons is die enigste maatskappy van Suid-Afrika.

**Wat behels dit?** Deelname aan Xplor toon vertroue in die Noord-Kaap se mineraalpotensiaal. Deur die program sal Orion US$500,000 ontvang om ons eksplorasiewerk te ondersteun.

Ons span sal ook toegang hê tot BHP se tegniese spesialiste, gevorderde data hulpbronne, moderne tegnologie en besigheidsleiding om koper, sink en ander minerale, wat die wêreld benodig, te vind.

**Waarom is dit belangrik?** Eksplorasie is die eerste stap na mynbou wat geleenthede vir groei in die Noord-Kaap ondersteun.

## Ons stel ons doel en waardes bekend

**Ons het ons doel en waardes in Februarie 2026 bekendgestel. Dit vorm die grondslag van hoe ons mense behandel, besluite neem, en streef om 'n positiewe impak te maak waar ons ookal werk.**

**Ons doel:**
Om hulpbronne deur mense te ontgin vir 'n beter wêreld.

**Ons waardes:**
Hoe ons optree om ons doel te bereik

**Veilige en verantwoordelike aksies**
Ons werk fokus daarop om mense, gemeenskappe en die omgewing te beskerm, terwyl ons streef na 'Zero Harm'.

**Doen die regte ding**
Ons tree met integriteit op en behou vertroue deur ons woord te hou.

**Neem eienaarskap**
Ons neem verantwoordelikheid vir ons optrede. Ons voer wat ons doen deur, maak reg wat reggemaak moet word, en leer uit elke resultaat.

**Samewerking**
Ons luister na mekaar, kommunikeer en werk saam.

**Tree met moed op**
Ons inspireer mekaar en lewer uitstekende resultate.

**Omgee**
Ons geem om, is inklusief en tree met respek op.